In die laaste dae sal daar ‘n groep mense wees wat God met hulle hele hart sal liefhê. Hulle sal die liefde van God ken, wat alle kennis oorskry. Hulle sal verstaan dat God ons so lief gehad het dat Hy Sy eniggebore Seun opgeoffer het vir ons. Hierdie groep mense staan bekend as die 144,000. Hulle is dié wat die seël van God ontvang. (Sien Openbaring 7v1-4) Hulle sal sonder fout wees. “En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe…En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God. (Openbaring 14v1,5) Hulle sal nie buig voor die merk van die dier nie, en hulle sal gered word uit die plae wat op die wêreld uitgestort word.
Hierdie mense sal God se liefde tot so ‘n mate ken dat hulle nie sal sondig nie. “Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en neerlê, en niemand sal hulle verskrik nie. (Sefánja 3v13) Hulle is getuienisse vir God dat die mens sonde kan oorkom. Ek wil graag deel wees van hierdie groep.

Daar sal ‘n ander groep wees in hierdie laaste dae, ‘n groep wat die merk van die dier sal ontvang. Daar sal net twee groepe wees. Daar sal geen middel groep wees nie. Óf mens sal die merk van die dier ontvang, óf die seël van God. Die groep wat die merk van die dier ontvang, sal nie die sonde oorwin nie. Hulle sal voortlewe in die sondes wat hulle gekies het. Wat sal hulle uiteinde wees? “Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ‘n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg.” (Jesaja 13v9) Sondaars sal verwoes word wanneer Jesus kom. Hulle sal uitroep na die rotse om op hulle te val en te verberg van die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. Enige geheime sonde wat nie bely and prysgegee is nie, sal veroorsaak dat hulle vernietig sal word. “Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.” (Spreuke 28v13) Berei jouself voor, voordat dit te laat is!

‘n Proklamasie sal uitgaan net voor die koms van die Here. Alle gevalle sal beoordeel word vir goed, of vir kwaad. “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.” (Openbaring 22v11,12)

Hierdie is ‘n ernstige waarskuwing! Wees asseblief gereed!

Vir meer inligting oor hierdie, of ander belangrike bybel onderwerpe kontak asseblief:

(Internationaal) -

**www.revelation1412.org**
**www.present-truth.net**
**www.1god1body.org**

Southern Africa -
**www.missionservicesafrica.co.za**
**www.pioneermissionsafrica.co.za**
**Tel: (+27) (0)79 470 3941 / (0)79 586 2787**

PMAT 003A

# Die Liefde van God



“Kyk wat ‘n groot liefde die Vader aan ons bewys het” (1 Johannes3v1) God die Vader vermaan ons om te kyk na die bewys, of tot watter mate, Sy liefde aan ons getoon is. Die fokus van die hele Bybel is op hoe groot die liefde van God die Vader vir elkeen van ons is. Ongeloof of twyfel in God se liefde vir ons verhinder ons verhouding met God.
Dit was die ongeloof van God se groot liefde wat daartoe gelei het dat Satan ‘n verkeerde pad gekies het. (Sien Esegiël 28v14-17) Dit was ongeloof in God se groot liefde wat gelei het tot Eva se sonde. (Sien Genesis 3v1-6) Dit is ongeloof in God se groot liefde wat ons in sonde hou. Slegs deur die openbaring van God se oneindige liefde sal ons ‘n liefdevolle verhouding met God ervaar, wat alle andere sal oortref.
Dit was nog altyd Satan se doel om die mens te mislei oor die ware karakter van God. Satan wil hê dat ons moet glo dat God nie so liefdevol is as wat Hy beweer nie, en hy weet dat as hy ons op hierdie punt kan oortuig, ons nooit God sal lief hê met ons hele hart nie. Net wanneer ons ‘n ware prentjie van God se liefde het, sal ons Hom genoeg lief hê om die gebod, wat Jesus “die eerste en groot gebod” genoem het, te onderhou, en dit is om God lief te hê met ons hele hart. (Sien Matteus 22v37,38)

### Hoe kan ons hierdie liefde bereik?

Jesus het gesê, “As julle My liefhet, bewaar my gebooie.” (Johannes14v15) Dieselfde gedagte word uitgedruk in vers 23. “As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar.” (Johannes 14v23) In die Griekse Bybel word vers 14 as volg vertaal: ”As julle my liefhet, sal julle my gebooie bewaar.” (Jay P. Green’s Greek Interlinear)
Hierdie vers is ‘n verklaring oor ‘n oorsaak-en-gevolg verhouding, eerder as ‘n bevel.

As ons God met ons hele hart liefhet, sal ons geen ander gode voor Hom hê nie. Ons sal geen gesnede beelde aanbid nie, ons sal nie die Sabbat skend nie, of God se naam ydellik gebruik nie. As ons ons naaste liefhet soos onsself, sal ons nie moord pleeg nie, sal ons nie van hulle steel nie, sal ons nie hulle goed begeer nie, of egbreek nie, sal ons geen valse getuienis teen hulle spreek nie, of ons ouers nie eer nie.

Paulus kon dus met sekerheid sê: "Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul… liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet. (Romeine 13 v8-10)

Om God lief te hê met jou hele hart is die eerste en die grootste gebod. Vanselfsprekend kan 'n mens nie hierdie gebod verbreek nie en dan nog steeds die ander gebooie onderhou nie. Soos ons duidelik kan sien, as ons daarna streef om God se gebooie te onderhou, moet ons belangrikste doel wees om God lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en krag. Maar hoe kan ons hierdie doel bereik?

Johannes het geskryf, "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het." (1 Johannes 4v19) Hoekom het ons God lief? Omdat "…Hy ons eerste liefgehad het." As ons verlang om God lief te hê, moet ons eers Sy liefde vir ons sien. In verhouding tot hoeveel ons God se liefde vir ons verstaan en waardeer, so sal ook ons liefde vir Hom wees. As 'n mens dink dat God jou net 'n bietjie liefhet, dan sal jou liefde vir Hom net gering wees. Maar as jy sien dat God se liefde vir jou so groot was, dat Hy gewillig was om Sy waardevolste besitting, Sy eniggebore Seun, vir jou prys te gee, dan sal jou liefde vir Hom ook so groot wees.

## Hoe kan ons God se liefde ken?

"Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. (1 Johannes 4v9,10) God het Sy groot liefde aan ons geopenbaar deurdat Hy Sy eniggebore Seun opgeoffer het vir ons.

"En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword. (1 Johannes 4v16,17) Ons liefde vir God word vervolmaak deurdat ons Sy liefde ken, daarin glo en in Sy liefde bly, omdat Hy Sy eniggebore Seun vir ons gegee het.

Eerstens moet ons verstaan hoe ons die liefde van God kan ken, sodat ons daarin kan glo en daarin kan bly – so sal dan ons liefde vir Hom vervolmaak word. "Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy (Jesus se) lewe vir ons afgelê het. (1 Johannes3v16) Om God se liefde te ken, moet ons sien hoe Hy Sy Seun gegee het om Sy lewe vir ons neer te lê.

## Die Lyding van Christus

Markus skryf oor die nag net voor Christus se dood: "Toe kom hulle in 'n plek waarvan die naam Getsémané was. En Hy sê vir sy dissipels: Sit hier onderwyl Ek gaan bid. En Hy neem Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom en begin ontsteld en benoud te word. En Hy sê vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak. En toe Hy 'n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan. (Markus 14v32-35) Jesus het Sy dissipels gevra om noukeurig op te let na wat sou gebeur omrede Hy wou hê dat hulle moes begryp en besef die liefde wat God vir hulle gehad het, sodat die liefde van God in hulle vervolmaak kon word.

Kom ons kyk wat in die tuin van Getsémané gebeur het. Iets het met Jesus gebeur wat Hom só vreesbevange gemaak het, dat Hy driemaal gebid het dat die uur by Hom kon verbygaan. Die Griekse vertaling dui aan dat Jesus Sy gevoelens verafsku het, en dít het Hom vreesbevange gemaak. Wat was daardie gevoelens?

Jesaja het voorspel "…maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Jesaja 53v6

Jesus het die skande ervaar wat ons ervaar wanneer ons sondig, maar net soveel keer meer. Dit het 'n skeiding tussen God en Hom veroorsaak. "maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. (Jesaja 59v2)

God het ons so lief dat Hy gewillig is om Sy eniggebore Seun vir ons prys te gee en Hy wil graag hê dat ons dit moet aanskou, en hierdie waarheid moet bepeins. "Want die liefde van Christus dring (dwing) ons" (2 Korinthiërs 5v14). Ons moet so gevul wees met hierdie wonderlike waarheid dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy toegelaat het dat Sy eniggebore Seun die skande en lyding moes ervaar, en die gevolge moes dra, vir ons skuld.

Jesaja het geskryf, "U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U." (Jesaja 26v3). God weet as ons gevul is met hierdie wonderlike liefde wat Hy vir ons het, sal dit ons verander en vorm soos niks anders kan nie. As ons gedurig 'n bewustheid het van die liefde wat God vir ons het, en dat ons hierdie liefde waardeer, sal ons uiteindelik die sonde verafsku en ons sal weier dat dit langer in ons woon. Met God se hulp kan ons die sonde oorwin!

"Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" 1 John5v4,5 Wanneer ons glo dat Jesus die Seun van God is, word ons in staat gestel om oorwinning te kry oor die wêreld, wat beteken oorwinning oor die sonde (Sien ook 1 Johannes 2v15-17)

Aangesien geloof in die feit dat Jesus die Seun van God is, ons in staat stel om oorwinning oor die sonde te verkry, dink jy dan nie dat Satan sal poog om hierdie feit te verdraai nie? Beslis sou hy! As ons verwag om die wêreld te oorkom dan moet ons glo dat Jesus werklik die eniggebore Seun van God is, en dat God Hom vir ons opgeoffer het.

"Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie." (1 Johannes 5v10) God het gesê, "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" (Matteus 17v5) God het gesê dat Jesus Christus Sy eniggebore Seun is, moenie toelaat dat enigeen iets anders vir jou sê nie.

## God skenk Sy Seun

Jesus, toe Hy van Homself gepraat het, het gesê, "Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore;" (Spreuke 8v24,25). Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word, beteken ook "gebore" (Gesenius' Hebrew Lexicon) Jesus is die letterlike Seun van God, gebore in die hemel nog voordat die wêreld daar was.

Slegs wanneer ons weet en glo dat God die wêreld so liefgehad het, dat Hy werklik Sy eniggebore Seun opgeoffer het vir ons, dat liefde vir God in ons vervolmaak kan word. So ook, slegs deur die kennis en geloof dat God Sy eniggebore Seun in die wêreld ingestuur het, kan ons Sy gebooie onderhou.